



GR 4 - 6 NUUSBRIEF

Tweede Kwartaal | Uitgawe 13 | Datum: 29 April 2019

DIE AFGELOPE SONDAG ..

Ons het die afgelope Sondag saam gesels oor die Emmaüsgangers (Lukas 24:13 – 35).

Hoedat hierdie twee mans, ernstig in gesprek, op pad was van Jerusalem na Emmaüs.

En skielik was daar 'n derde persoon wat saam met hulle geloop het.

Skygbaar was hy nie bewus van die verskriklike gebeure wat die afgelope tyd in Jerusalem plaasgevind het nie. Hy wou weet waarom hulle so diep in gesprek was.

Kleopas, een van die twee wou weet of hy dan die enigste vreemdeling in Jerusalem was.

Hulle het toe die hele tragiese verhaal vertel van Jesus se kruisiging, dood en die feit dat die vrou daardie oggend by die graf was en dat die liggaam nie daar was nie. 'n Engel het vir hulle gesê dat Jesus opgestaan het uit die dood. Hierdie 'vreemdeling' het toe begin en die skrif uitgelê vanaf die vroegste voorspellings.

Toe hy wou verder gaan, het hulle hom genooi om by hulle oor te bly.

Die wonder het gebeur toe Jesus die brood gebreek en hulle Hom toe herken het, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.

Voordat Jesus hulle fisiese oë oopgemaak het, wou Jesus hulle 'harts-oë' oopmaak. Hoekom? Omdat dit vir Jesus so belangrik was dat hulle in geloof sou loop nog voordat hulle gesien het.



GESELS SAAM BY DIE HUIS

Kom ons lees weer Lukas 24:13 – 35.

Gesels saam as gesin oor die volgende:

*Dink julle die twee Emmaüsgangers het die kruisiging aanskou? Hoekom?

*Wat het hulle gedoen nadat Jesus die brood gebreek en uit hulle sig verdwyn het?

*Veronderstel Jesus sou skielik fisies saam met jou kom loop. Wat sou jy Hom graag wou vra?

Baie hartlik welkom terug aan Anthoinette, wat vanaf 1 Mei terug is in haar pos as Jeughulp.

Hiermee wil ek dan ook aan al die leidsters, die ouers en die kinders baie dankie sê vir die heerlike samewerking die afgelope tyd.

Bessie

SONDAG, 5 Mei:

Ons gaan gesels oor Efesiërs 2:4-19 – Verlose ek

DANKFEESBASAAR: Ons Dankfeesbasaar vind plaas op Saterdag, 1 Junie. Ons het hande nodig om hierdie dag vir ons kinders baie spesiaal te maak. Indien jy 'n bydrae kan maak, op watter manier ook al, kontak vir Anthonette by 072 630 2594.

KOLLEKTE

Dankie dat die kinders so getrou is met hulle kollekte.



BELANGRIKE DATUMS PINKSTER

Op Donderdag, 30 Mei om 8:00 is dit die Hemelvaartdiens.

Ons Pinksterdienste is vanaf Sondag, 2 Junie tot Woensdag, 5 Junie.

Kom ons moedig ons kinders aan om hierdie geleentheid saam met ons by te woon.



Kom ons verstewig ons kinders se geluk deur hulle lof toe te swaai wanneer nodig, deur duidelike huisreëls, 'n gesonde familie-leefstyl, warm vriendelike verhoudings en Jesus as ons Middelpunt!

